Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

WOW
Words Open Worlds
Amagama aVula iHlabathi
Woorde Open Wêrelde

WOW Telfees

Formaat en Reëls

Pure pret en plesier!

WOW Telfees

MILLENNIUM TRUST

Inhoudsopgawe

1. Doel: **3**
2. Kategorieë vir WOW Telfees **3**
3. Skematies voorstelling van Deelname: **3**
4. Kort beskrywing van vlakke van deelname: **3**
Deelname: Vlak 1: Interne skool- WOW Telfees 3
5. Tyd en plek **4**
6. Taal van aanbieding van Telfeeste: **5**
7. Rolspelers in WOW Telfees **5**
8. WOW Telfees: Dokumentasie: **5**
9. Formaat: **5**
10. Reëls **6**
11. WOW Telfees: Tydlyn **7**
12. Beamptes by WOW Telfees **7**
F. Optekenaar 9
13. Skematiese voorstelling van uitleg van Telfeeslokaal **10**

WOW Telfees

1. Doel:

1. Om opvoedkundige pret met wiskundige bewerkings te bevorder.
2. Om syfervaardigheid en wiskundige geletterdheid te verbeter.
3. Prettige aanbiedings, met 'n element van spanning.
4. Om liefde vir wiskundige bewerkings te help aankweek.

2. Kategorieë vir WOW Telfees

WOW Telfees word in die volgende grade aangebied: Graad 4-9.

Nr.	Kategorieë	Kort beskrywing
1	Graad 4 – Graad 6	Laerskole: Intermediêr Fase
2	Graad 7	Laerskole: Senior Fase
3	Graad 8 – Graad 9	Hoërskole: Senior Fase

3. Skematies voorstelling van Deelname:

Deelname	Kort Beskrywing	Tipe WOW Telfees	Datums
Vlak 1	Leermateriaal word beskikbaar gestel.	Interne Skool- **WOW Telfees**	Skole bepaal self.
Vlak 2	Skole binne dieselfde provinsiale onderwyskringe neem teen mekaar deel.	Kring- **WOW Telfees**	Kwartaal 3
Vlak 3	Graadwenners van onderwyskringe binne dieselfde onderwysdistrikte neem teen mekaar deel.	Distrik- **WOW Telfees**	Kwartaal 3
Vlak 4	Distrikswenners binne dieselfde provinsiale Onderwysdepartement neem teen mekaar deel.	Provinsiale **WOW Telfees**	Kwartaal 3 & 4
Vlak 5	Provinsiale wenners kompeteer by die finale WOW-geleentheid.	Nasionale **WOW Telfees**	**Nie in 2026 nie**

4. Kort beskrywing van vlakke van deelname:

Deelname: Vlak 1: Interne skool- WOW Telfees

Die koördineerder van elke deelnemende skool bepaal die formaat waarvolgens die beste leerder in

elke graad geïdentifiseer word. Sommige skole hou, byvoorbeeld, 'n interne *WOW Telfees* en diegene wat bo 80% kry, word as finaliste gekies. Daar word vervolgens verder gekompeteer tot die wenner van elke graad aangewys kan word. Sommige skole bied hul WOW Telfees aan as groot gala-geleenthede, in 'n saal of area waar die ander leerders as gehoor optree. Dit bly egter die skool se keuse hoe die wenners in elke graad bepaal word. (Hierdie is slegs idees wat gedeel word – skole besluit self hoe deelnemers gekies word.)

Die graadwenners van elke skool dring deur na die Kring- *WOW Telfees*. Die streke waarin skole ingedeel word, word geografies volgens die getal deelnemende skole per streek, asook die indeling volgens die betrokke Onderwysdepartement bepaal.

Deelname: Vlak 2 (Kringe / Geografiese areas)
Die graadwenners van elke skool (soos deur Onderwysdepartement / geografiese areas bepaal) dring deur na die Kring- WOW Telfees. Die streke waarin skole ingedeel word, word geografies volgens die getal deelnemende skole per streek, asook die indeling volgens die betrokke Onderwysdepartement bepaal.

Deelname: Vlak 3 (Distrikte / Geografiese areas)
Die graadwenners van elke Kring- WOW Telfees. (soos deur Onderwysdepartement / geografiese areas bepaal) dring deur na die Distrik- WOW Telfees. Die onderwysdistrikte waarin skole ingedeel word, word geografies volgens die betrokke Onderwysdepartement bepaal.

Deelname: Vlak 4 (Provinsiaal / Nasionale provinsies)
Die graadwenners van elke Distrik- WOW Telfees (soos deur Onderwysdepartement / geografiese areas bepaal) dring deur na die Provinsiale WOW Telfees. Die provinsies waarin skole ingedeel word, word nasionaal bepaal.

Alle WOW Telfeeste word op grond van die riglyne en kriteria van die fees aangebied

5. Tyd en plek

6.1 Graad- WOW Telfeeste word in parallelle sessies by dieselfde plek aangebied (om tyd te bespaar en ter wille van regverdigheid met betrekking tot die grade).

6.2 Aan elke graad- WOW Telfees word 90 – 120 minute toegeken.

6.3 Hierdie tydsduur per sessie mag wel wissel, afhangende van die getal deelnemers en hulle vermoëns.

6. Taal van aanbieding van Telfeeste:

Vir 2026 word alle Telfeeste in Afrikaans aangebied met die oog op uitbreiding na meertaligheid in die toekoms.

7. Rolspelers in WOW Telfees

8.1 **Skole:** alle skole wat geregistreer het

8.2 **Leerders:** deelnemers uit elke graad van 'n skool

8.3 **Opvoeders**: uit deelnemende skole; hulle tree as beamptes op

8. WOW Telfees: Dokumentasie:

1. Registrasievorms wat elektronies ingevul word
2. Formaat en reëls
3. Voorbereidingspakkette vir graad 4 tot 9
4. Programme vir elke WOW Telfees
5. Telkaarte met name van deelnemers (WOW-organiseerder hanteer)
6. Elke WOW Telfees se pakkette vir graad 4 tot 9 (WOW-organiseerder hanteer)
7. Wennerslyste
8. Toerusting vir elke WOW Telfees (WOW-organiseerder hanteer)
9. Pakkette vir beamptes by elke WOW Telfees (WOW-organiseerder hanteer)
10. Media- en ander persverklarings (WOW-organiseerder/-inhoudsbestuurder hanteer)

9. Formaat:

1. Deelnemers uit die onderskeie skole word in groepe van 20 leerders per graad verdeel .
2. Elke deelnemer ontvang 'n nommer wat volgens die telkaarte (wat opgestel word soos leerders registreer en opvoeders die name van die leerders deurgee) bepaal word.
3. Deelnemers moet wiskundige vrae mondeling beantwoord soos dit deur 'n aankondiger (opvoeder) aan hulle gestel word.
4. Alle wiskundige vrae word dus mondeling gevra en beantwoord.
5. Elke deelnemer kry een unieke wiskundige vraag waarvolgens hulle beoordeel sal word.
6. Wiskundige vrae word vir deelname in verskillende rondes opgestel en in groepe van 20 vrae per ronde verpak.
7. Elke WOW Telfees skop af met 'n oefenronde om deelnemers met die proses vertroud te maak.

8. Ná hierdie oefenronde begin die proses met die Telfeesbestuurder (opvoeder) wat almal aanmoedig om net hulle beste te lewer en vir die aankondiger aandui om die proses te begin.
9. Die WOW Telfees-bestuurder maak ook seker dat alle beamptes (opvoeders) gereed is.
10. Die aankondiger lees die wiskundige bewerkings/vrae in chronologiese volgorde voor.
11. Vrae word volgens afdelings en moeilikheidsgraad opgestel en vorder van maklik na meer uitdagende bewerkings.
12. Sodra ʼn leerder se beurt aanbreek, lees die aankondiger die wiskundige vraag en die leerder moet binne 15 tot 30 sekondes (***of soos vir bepaalde rondes vasgestel***) antwoord.
13. Vir ʼn korrekte antwoord word ʼn **GROEN** kaart omhoog gehou, die deelnemer ontvang ʼn punt wat op die telkaart aangeteken word, en vorder na die volgende ronde.
14. Vir ʼn verkeerde antwoord word ʼn **ROOI** kaart omhoog gehou, die deelnemer ontvang GEEN punt nie, word uitgeskakel, en vorder NIE na die volgende ronde NIE.
15. In geval van onvoorsiene steurnisse/onderbrekings (bv. ʼn deur wat dalk klap wanneer ʼn leerder moet antwoord of terwyl ʼn aankondiger lees), word ʼn **GEEL** kaart omhoog gehou en die proses word dan herhaal sodat geen deelnemer benadeel word nie.
16. Hierdie proses word herhaal totdat elke deelnemer ʼn geleentheid binne ʼn bepaalde ronde gekry het.
17. Soos die proses met uitskakeling en vordering voortgaan, word leerders se totale punte op die telkaart aangeteken.
18. Die toppresteerders is dus die deelnemers wat die hoogste punte behaal het.
19. Die toppresteerders sal die deelnemers wees wat 'laaste staande bly'.
20. Indien alle leerders in ʼn spesifieke ronde uitgeskakel word, sal hulle binne dieselfde ronde voortspeel en na volgende rondes vorder, totdat ʼn wenner bepaal word.
21. **GEEN BEWERKINGS OP PAPIER WORD TOEGELAAT NIE.**
22. Elke groep het ʼn span beamptes (opvoeders) wat sekere rolle vervul.
23. Die beamptes is ʼn Telfeesbestuurder, 2 tot 3 beoordelaars, ʼn tydhouer en ʼn aankondiger wat die wiskundige vrae hardop lees.
24. Daar sal ook opvoeders wees wat data versamel, sowel as ʼn optekenaar wat die proses volg en aanteken.
25. Sien die skematiese voorstelling (aan die einde van dokument) van hoe ʼn tipiese Telfeeslokaal uitgelê kan word.

10. Reëls

1. Leerders word in groepe van 20 opgedeel, met elke leerder wat ʼn nommer soos op die telkaarte aangedui, ontvang.

2. Die Telfeesbestuurder / ander beampte lees die leerders se name uit en hulle neem hulle sitplekke in die klaskamer in, soos aangedui.
3. Die Telfeesbestuurder lees die verantwoordelikhede en voorregte vir die deelnemers voor. Dit sluit die volgende in:

3.1. Verantwoordelikhede:

3.1.1. Moet binne bepaalde tyd antwoorde hardop en mondeling deurgee.

3.1.2. Moet die uitdrukking FINALE ANTWOORD gebruik om aan te dui dat hulle hul antwoord afsluit.

3.2. **Voorregte:**

3.2.1. Mag vra vir 'n herhaling van die vraag

3.2.2. Mag die antwoord self korrigeer, solank dit voor die afsluiting met 'finale antwoord' gebeur.

3.2.3. Mag ook vra dat 'n ander beampte die wiskundige vraag voorlees.

11. WOW Telfees: Tydlyn

Februarie	Bekendstelling van **WOW Telfee**	WOW
Maart	Inligting- en opleidingsessies Registrasie open Leermateriaal beskikbaar	WOW & NumberSense
April	Inligting- en opleidingsessies Registrasies word aktief bemark Leerdervoorbereiding	WOW & NumberSense Organiseerders
Mei	Registrasies word aktief bemark	WOW & Organiseerders
Junie - Julie	Verskillende grade se voorbereidingspakkette word beskikbaar gestel en op webwerf gelaai Inligting- en opleidingsessies Registrasies sluit Leerdervoorbereiding soos moontlik	Organiseerders
Julie - Oktober	**WOW Telfees**: onderskeie vlakke. Provinsiale finaal	WOW & NumberSense Organiseerders

12. Beamptes by WOW Telfees

A. Koördineerder:

1. Elke deelnemende skool moet 'n koördineerder vir die projek identifiseer.

2. Die kontakbesonderhede van die koördineerder moet na die WOW-projek gestuur word vir verdere kommunikasie.
3. Koördineerders organiseer WOW Telfeeste by skole en dien ook dikwels in die reëlingskomitees van die kring-, distriks- of provinsiale WOW Telfeeste. (Sien Kontroleblad vir Koördineerders)

B. <u>Beoordelaars:</u>

1. Die name van opvoeders, wat as onafhanklike beoordelaars sal diens doen, word deur die skole deurgegee en deur die WOW-organiseerder geplaas.
2. Drie beoordelaars per WOW Telfees per graad moet aangewys word.
3. Verkieslik spesialiste/vakkundiges binne die graad waarbinne beoordeel word.
4. Beoordelaars moet goed met die formaat en reëls vertroud wees.

C. <u>Aankondiger:</u>

1. Een aankondiger per graad per WOW Telfees moet aangewys word.
2. Verkieslik kundiges, persone wat die woorde van die wiskundige vrae duidelik in Afrikaans kan voorlees.
3. Aankondigers moet op die vlak van die kind kan werk en duidelik praat / getalle uitspreek.
4. Die aankondiger lees die wiskundige vraag een keer voor en daarna moet die deelnemer binne die bepaalde tyd en mondeling antwoord.
5. Uitspraak, veral van langer getalle wat voorgelees moet word, sal vooraf met aankondigers bespreek word.
6. Aankondigers moet goed met die formaat en reëls vertroud wees.
7. Kry die lyste vir die WOW Telfees voor die tyd vir voorbereiding.

D. <u>WOW Telfees-bestuurder:</u>

1. Een bestuurder per fase per WOW Telfees moet aangewys word.
2. Die streekskoördineerder is dikwels die ideale persoon.
3. Verkieslik ’n kundige, aangesien ’n beslissende oordeel dikwels gevel moet word..
4. Bestuurders moet goed met die formaat en reëls vertroud wees.
5. Hanteer enige navrae/onduidelikhede/dispute/dissiplinêre kwessies.
6. Moet seker maak dat die deelnemers, beoordelaars en aankondigers gereed is vir alles.
7. Maak seker dat die verhoog en die eerste ry stoele in die gehoor gereserveer word.
8. Die WOW Telfees-bestuurder sal te alle tye vir enige navrae beskikbaar wees.

E. <u>Tydhouer:</u>

1. Een tydhouer per fase per WOW Telfees moet aangewys word.

2. Moet ’n uiters betroubare stophorlosie (soos selfoon) gebruik.
3. Die tydhouer begin die stophorlosie onmiddellik nadat die aankondiger die wiskundige vraag klaar uitgelees het.
4. Slegs die WOW Telfees-bestuurder mag aandui dat die tyd gestop moet word, soos ’n situasie dit mag vereis; bv. as daar steurnisse in die lokaal is, of as ’n beampte nie gereed is nie.
5. Die tydhouer lui ’n klokkie sodra die deelnemer se tyd uitgeloop het. Indien die regte antwoord nie binne die aangewese tyd deur die deelnemer verskaf is nie, word die deelnemer uitgeskakel.
6. Die tydhouer moet goed met die formaat en reëls vertroud wees.

F. <u>Optekenaar</u>

1. Doen waarnemings binne die lokaal.
2. Maak aantekeninge, so volledig as moontlik, van die foute wat deur deelnemers begaan is.
3. Hierdie aantekeninge word gebruik om die proses te verbeter, maar ook om navrae te hanteer.

13. Skematiese voorstelling van uitleg van Telfeeslokaal



AK = Aankondiger

TFB = Telfeesbestuurder

B1 = Beoordelaar 1 **B2** = Beoordelaar 2 **B3** = Beoordelaar 3

TH = Tydhouer

KT = Kontrole

OT = Optekenaar